



**BELANGRIKE KENNISGEWING**

***Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, oftewel Protection of Personal Information (POPIA)***

***Agtergrond***

Die beskerming van persoonlike inligting is nou meer as ooit noodsaaklik omdat die ontwikkeling van die elektronika die risiko nog groter maak dat dit misbruik kan word en mense se privaatheid geskend kan word.

Die POPIA-wet is van toepassing op enige instansie, maatskappy of organisasie wat op een of ander wyse persoonlike inligting prosessee. Die wet geld dus ook vir ons gemeente. Dit is die kerkkantoor se verantwoordelikheid om toe te sien dat ons gemeente aan die wetlike vereistes voldoen.

Die prosessering van inligting word baie wyd deur die wet gedefinieer. In terme van POPIA beteken prosessering van inligting enige aksie of aktiwiteit (meganies, outomaties of elektronies) wat die volgende insluit, maar nie daartoe beperk is nie: versameling, ontvangs, opname, organisering, berging, opdatering, herwinning, verspreiding, samesmelting, vernietiging en uitwissing van data.

***Inligting op ons stelsel***

Om aan die vereistes van die wet te voldoen, moet NG Kerk Stellenbosch-Sentraal verloop kry van almal in sy lidmaatskap databasis om die inligting wat deur hulle verskaf is, te mag stoor en te gebruik vir gemeente doeleindes. Hierdie inligting word deur ons elektronies gestoor en geïnkripteer en met 'n wagwoord beveilig. Die kerkkantoor en leraar is die enigste persone wat toegang tot die inligting het. Dit word vir die uitsluitlike doel van lidmaatskap data en kommunikasie met gemeentelid gebruik en sal nooit met enige ander persoon of instansie gedeel word nie. Die inligting sal dus op geen manier op die privaatheid van die intekenaar inbreuk maak nie. Die POPI inligtingswet is vanaf 1 Julie 2021 in werking en ons bevestig hiermee dat lidmate se persoonlike inligting veilig hanteer en bewaar word.

***Toestemming***

Ten einde aan die vereistes van die wet te voldoen, is dit nodig dat elke lidmaat toestemming moet gee dat sy of haar data soos hierbo genoem, deur ons gestoor mag word. Lidmate het ook die reg om navraag te doen oor watter inligting van hom of haar op ons stelsel gestoor word, en kan versoek dat regstellings gemaak word of dat die inligting geskrap moet word.

***Wat jy moet doen?***

Indien jy gemaklik daarmee is dat jou inligting veilig is by ons, hoef jy niks te doen nie. Ons sal dan aanvaar dat jy stilswyend toestemming gee dat ons jou inligting mag stoor en gebruik vir die uitsluitlike gebruik van lidmaatskap data en gemeente kommunikasie.

Indien jy nie gemaklik is dat ons die inligting op ons stelsel stoor nie, kontak asb die kerkkantoor by [kantoor@familiekerk.com](mailto:kantoor@familiekerk.com).

